# FAKTORE WAT DIE VESTIGING VAN DIE BOEREGEMEENSKAP TEN NOORDE VAN DIE VAALRIVIER BEMOEILIK HET.

Mnr. die Voorsitter en belangstellende vriende, ek wil die bestuur van die Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, baie hartelik bedank om by geleentheid van die eerste jaarkongres van die Genootskap, as gas aanwesig te wees en 'n referaat te lewer. Toe prof. Pont my met die versoek genader het, het ek vir 'n oomblik daar oorweging aan geskenk om oor 'n kerkhistoriese onderwerp te praat maar by nader oorweging om verskillende redes wat hier nie genoem hoef te word nie, van gedagte verander en 'n meer neutrale onderwerp gekies.

'n Mens vind selfs vandag nog in betreklik wye kring die opvatting gehuldig dat die toestande waaronder ons voorouers nouliks meer as honderd jaar gelede hulle hier in Transvaal kom vestig het, aan min of meer al die verwagtings beantwoord het. Grond was volop en maklik te kry, klimaatsomstandighede met die oog op die oorwegende veeboerdery van die dae, nie ongunstig nie en die eise van die lewe vir sover dit die materiële voortbestaan betref, nie buitensporig nie. Dit moes dus maklik gewees het, veral vir beginners, om selfstandig te raak en binne perke 'n kommerlose bestaan te voer.

In werklikheid was alles nie so rooskleurig nie. Die lewe het toe, net soos nou, besondere eise gestel wat waarskynlik ten gevolge van die volkome onvoorbereidheid van die destydse gemeenskap om 'n nuwe situasie die hoof te bied, 'n hoë tol geeis het. Van 'n rustige en kommerlose bestaan, was daar in elk geval geen sprake nie.

Die eerste blanke boere-gemeenskap wat ons in Transvaal aantref na die tydelike verblyf van Trichardt en Van Rensburg in die Oor-Vaalse, was die groep wat onder leiding van kommandant A. H. Potgieter hulle teen die einde van 1838 in Potchefstroom gaan vestig het. Daarna het verskillende ander groepe hulle in Transvaal kom vestig sodat ons teen 1850 minstens vier afsonderlike „Kolonies" ten noorde van die Vaalrivier aangetref het. Hoe groot die blanke bevolking in daardie dae was, kan ongelukkig nie met sekerheid bepaal word nie. Amptelike syfers bestaan nie maar volgens skatting van die Volksraad was daar in 1851 „2000 Huisgezinnen van 2 tot 14 persoonen sterk". Hierdie klein blanke gemeenskap het op daardie tydstip 'n gebied bewoon wat na berekening ongeveer 71,600 vierkant myl beslaan het. Geografies het die mense in die meeste gevalle sonder dat hulle dit self so wou, in 'n toestand van byna volkstrekte afsondering, nie alleen van die beskaafde wêreld nie, maar ook van mekaar, verval. Dit het meegebring dat bure dikwels „tien, twaalf en meer uren van malkander wonen" en behoudens die uitsonderings van enkele familiegroepe, nooit naby mekaar gewoon het nie. Hou ons in gedagte dat hulle 'n wilde woeste wêreld ingetrek het waar veral gedurende die beginjare van doeltreffende verkeersweë en selfs verkeersmiddele, geen sprake was nie, kan ons begryp hoe moeilik

dit gegaan het om gereeld met mekaar in aanraking te bly. Veral in die somermaande tydens die reënseisoen, het die gebrek aan brûe oor riviere en spruite baie daartoe bygedra om gesinseenhede elkeen in sy eie klein wêreld af te sonder. Gedurende die wintermaande het die deursnee boer van daardie dae, weer na die jagveld uitgewyk en in die mees volstrekte sin hom en sy familie van die buitewêreld afgesonder.

Ten gevolge van die afgesonderde ligging van die Oor-Vaalse gemeenskap is alledaagse gebruiksvoorwerpe in die huis en op die werf en wat as die produk van die menslike vernuf beskou kan word, bykans nie daar aangetref nie. Van die bestaan van dergelike hulpmiddele waardeur die lewe van die mens vergemaklik en veraangenaam kan word, het die meeste waarskynlik nie eens kennis gedra nie. In baie omgewings was die bevolking so yl versprei dat van onderlinge hulpverlening ook geen sprake was nie en gesinne op 'n eensame afgesonderde bestaan aangewys was.

Afgesien van die persoonlike ongerief wat altyd met so 'n leefwyse gepaard gaan, het hierdie isolement ander eienskappe na vore gebring waarvan sommige, hoewel deugdelik in hulleself, op die lange duur die bestaansomstandighede nog verder bemoeilik het. Omdat wat nodig was, nie in 'n winkel gekoop of van 'n buurman geleen kon word nie, was die veeboerpionier van die dae genoodsaak om na die beste van sy vermoë self in sy behoeftes te voorsien en moes hy noodgedwonge op 'n groot aantal ongelyksoortige terreine, vaardigheid verwerf. Hierin het die meeste goed geslaag sodat die veelsydigheid van die Transvaalse boer een van sy opvallendste kenmerke was en dit 'n goeie waarnemer soos Stuart, onmiddellik na sy aankoms in Transvaal getref het.

Maar by gebrek aan beroepspesialisasie en die gevolglike noodsaaklikheid vir elke persoon om 'n groot aantal beroepe as het ware gelyktydig te beoefen, het dit op die duur onmoontlik geblyk om op enige gebied tot die diepte deur te dring en is 'n mate van oppervlakkigheid by die mens van die tyd gekweek. Onbewus is voorkeur gegee aan ekstensiewe bo intensiewe bedrywighede—'n neiging wat nog verder in die hand gewerk is deur die veeboerdery, die groot plase en die uitgestrekte, haas eindelose Transvaalse landskap. Onder normale omstandighede is dit reeds nadelig—nog veel meer was dit die geval by hierdie Transvaalse pioniersgemeenskap wat by al sy ander moeilikhede, gebuk gegaan het onder 'n vrywel algehele gebrek aan onderwysfasiliteite ten gevolge waarvan 'n element van teenstrydigheid hom by hierdie gemeenskap voorgedoen het. Omdat elkeen hom na die beste van sy vermoë self moes behelp en dit tot 'n mate ook reggekry het, merk ons enersyds 'n besondere gevoel van selfstandigheid en onafhanklikheid by hierdie mense op ten gevolge waarvan niemend hom in 'n ondergeskikte posisie geplaas wou sien nie. Vir gemeenskapsbou was dit 'n noodlottige gesindheid omdat daardeur mens teenoor mens en groep teenoor groep te staan gekom het en van 'n groter eenheid gedurende hierdie beginjare geen sprake was nie. Andersyds is dit waar dat die selfstandige

oordeelsvermoë van die mense met betrekking tot sake wat nie met die praktiese lewe te doen het nie, buitengewoon onontwikkeld was en hulle tot 'n besondere mate vatbaar vir suggestiewe beïnvloeding was, maklik deur 'n buitestaander op sleeptou geneem kon word en die gemeenskap as 'n geheel dikwels die slagoffer van teenstrydige opvatting geword het.

Dat ons aan die begin van die 50-er jare in geestelik en intellektuele opsig 'n agterstand by die Transvalers aangetref het, verbaas ons nie. Sedert die uittog uit die Kaapkolonie byna 20 jaar vroeër begin het, was daar van georganiseerde onderwys nie meer sprake nie. Daarby moet ook nog in ag geneem word dat onderwys en opvoeding selfs aan die Oosgrens van die Kaapkolonie, die gebied waaruit die Trekkers in hoofsaak afkomstig was, baie te wense oorgelaat het. Hoewel die Godsdiens die mense van sedelike verwildering weerhou het, het die deursnee Trekkerkind min of meer ongeleerd opgegroei. Aan moedersknie is kinders die mees elementêre boekekennis bygebring maar omstandighede op die trekpad en die noodsaaklikheid dat die kind op vroeë leeftyd sy plek in die boerderybedrywighede moes inneem, was nie bevorderlik vir gereelde onderwys nie. Afgesien daarvan dat moeders self nie altyd by magte was om kinders te leer nie, het dit moeilik gegaan om groot en klein van die noodsaaklikheid van onderwys te oortuig en het kinders in die vroeë Transvaalse dae heel dikwels na 'n maand of twee, die skool as volleerd verlaat.

Die algemene ontwikkeling van die jeug het gevolglik veel te wense oorgelaat soos deur 'n groot aantal bevoegde waarnemers reeds in die dae getuig is. Om na slegs een voorbeeld te verwys, kan hier die indrukke van ds. Dirk van der Hoff aangehaal word. Miskien enigsins oorhaastig, het hy 'n paar maande na sy aankoms in Transvaal die volgende omtrent die deursnee volwasse persoon gesê. „Schryven of rekenen kunnen slechts weinigen, ja er zyn zelfs landdrosten en heemraden die hun naam niet eens kunnen teekenen wat het lezen aangaat, O! daar heeft men Jobs geduld voor nodig om het aan te hooren. Zy kunnen, ja, meest allen leezen, maar zóó, dat ze er byna geen jota van begrypen." Van die jongmense wat in sy katkisasieklas was, is sy opmerking nog minder vleiend. Van hulle sê hy: „Lezen kunnen ze niet, d.i. begrypen niet wat ze op een stotterende toon, om de 5 minuten een woord, voortbrengen; het geheugenorgaan is voor 7/8 toegesloten; het oordeel is verstompt; ja ik moet soms twyfelen of ze wel dinken kunnen; ten minste in godsd. begrippen."

Tot 1851 toe die eerste drie emigrant-skoolmeesters hulle verskyning in Transvaal gemaak het, het ons geen opgeleide onderwysers ten noorde van die Vaalrivier aangetref nie. Dit beteken nie dat voor daardie datum geen onderwys in Transvaal gegee is nie. 'n Redelike groot aantal name van „meesters" is bekend en hoewel baie van hulle heel verdienstelike werk gedoen het, is awonturiers van bedenklike allooi in ander gevalle op die ongevormde jeug losgelaat. Die ergste voorbeeld in hierdie

opsig is so laat as 1859 in die omgewing van Marico aangetref toe die staatsprokureur by die Uitvoerende Raad aansoek gedoen het om 'n gevangene voor die verstryking van sy termyn los te laat omdat hy die staat te veel aan onderhoud gekos het. Hy het in sy aansoek beklemtoon dat die persoon wanneer van drank en slegte geselskap afgesonder, nie onaardig is nie en dat 'n aantal burgers uit Marico aansoek gedoen het om hom „daar te hebben voor onderwys". Aan die versoek is voldoen en Marico het 'n skoolmeester gekry! Staaltjies van hierdie aard, kan by die grootmaat aangehaal word om as illustrasie te dien van die onbevredigende omstandighede wat op onderwysgebied in Transvaal geheers het. Maar hoe onbevredigend die toestande ook al was, moes die landsvaders noodgedwonge daarmee genoeë neem omdat hulle niks anders te doen gestaan het nie. Oornag sou die situasie nie verander nie.

Onder hierdie omstandighede behoort dit duidelik te wees dat die vroegste Transvaalse gemeenskap nie slegs geografies in 'n toestand van isolasie verkeer het nie maar geestelik nie veel beter daaraan toe was nie. En tog, hoewel hierdie mense in 'n fisiese wildernis geleef het, was dit nodig om die maatskappy te orden en 'n eie staatstelsel op te bou. Sonder wet en orde kon hulle nie bestaan nie—die behoefte daaraan is van die eerste oomblik af gevoel maar die moeilikheid was dat die gemeenskap in eie kring nie die kundige mense kon vind om die gemeenskap voor te gaan en te lei nie. Vir landsbestuur is 'n vermoë tot abstrakte denke nodig en daartoe was die by uitstek prakties georienteerde boer van die dae nie in staat nie. En omdat die onderwystoestande van die dae nie daarop bereken was om die geestelike isolasie spoedig op te hef nie, was die landsvaders genoodsaak om in die besef van hulle afhanklikheid, elders hulp te gaan soek. „Wy kunnen niet helpen dat onzen toestand zoo droevig en onzen verarming zoo groot is, want wy zyn verstoken van allen goeden raad, handel en inrigtingen; sinds 15 jaren is het ons zonder goeden hulp zoo als van UEd. of anderen vrinden onmooglyk om onzen toestand te verbeteren, of nuttigen kunde of werkzaamheden onder ons tot stand te brengen", skryf die Volksraad in Desember 1851 aan J. Schutte Hoyman, Boek en Bybeldrukker in Amsterdam. Om voor die hand liggende redes is in die eerste plek aan Nederland gedink en die hoop gekoester dat hulle eie beperkings van daaruit aangevul sal kan word. In 'n skrywe van die Volksraad aan 'n welmenende vriend in Holland, word hulle behoefte in die opsig omvattend soos volg gestel: „Aan veel hebben wy behoefte, niet alleen aan nuttigen kundigheden, geestelyk en schoolonderwys, ook aan goede ambachtslieden hebben wy gebrek. Wenschelyk ware het dat ook goede smits, een geweermaker, wagenmaker, schrynwerkers, timmermans, metzelaars, kleder en schoenmakers, en anderen nuttigen ambachtslieden tot ons kwame, en onzen hoop is wy ook hierin later onzen wensch mogte verkrygen."

Maar ook in hierdie opsig het heelwat teleurstelling gewag en het uitkoms nie so maklik opgedaag nie. In die eerste plek het baie voor-

nemende emigrante nooit hulle vaderland verlaat nie omdat dit vir die Transvaalse staat onmoontlik was om in enige opsig hoe ook genaamd, 'n behulpsame hand te reik en emigrante finansieel te ondersteun. In ander gevalle is emigrante afgeskrik deur sterk aangedikte stories wat in Nederland in omloop was van die talle ontberings wat op emigrante in die nuwe vaderland sou wag. Ongetwyfeld was dit so dat 'n verhuising na Transvaal vir die gevestigde Wes-Europeër niks minder as 'n opoffering sou wees nie maar wat die saak van die Transvaalse boer in Europa die meeste skade berokken het, was die opsetlike laster, onkontroleerbare gerugte en los praatjies wat vyandige elemente doelbewus in die buitewêreld versprei het om die Boere in 'n verdagte lig voor te stel. So is byvoorbeeld by een geleentheid die gerug rond gestrooi dat kommandant A. H. Potgieter vyf opponerende Boere-leiers om die lewe gebring het en 300 inboorlingkinders aan die Portugese as slawe gaan verruil het vir ammunisie. Hierteen sou Andries Pretorius beswaar aangeteken het by die Portugese outoriteite in Delagoabaai—nie soseer omdat hy Potgieter se daad in beginsel veroordeel het nie maar omdat hy self nie deelgenoot in die buit was nie.

Die agtergrond van die opsetlike vyandigheid moet gesoek word in die finansiële belange van 'n groep Kaapse handelaars wat hulle maar nie kon versoen met die Sandrivierkonvensie waardeur Engeland onderneem het om Transvaal se onafhanklikheid te erken nie. Die Sandrivierkonvensie was vir hulle 'n hinderlike las omdat dit die pad na die noorde en die pasontdekte Ngamigebied versper het. Hulle sou van alle middele tot hulle beskikking gebruik maak om die Boere in 'n verdagte lig voor te stel ten einde Engeland oor te haal om die Transvaal by die Britse Ryk in te sluit. Vir hierdie doel is sendelingbelange knaphandig bygesleep en in stryd met die waarheid, die Boere voortdurend daarvan beskuldig dat hulle slawerny beoefen.

Die belangrikste werktuig van hierdie vyandige elemente was 'n Engelse koerantjie wat in Bloemfontein verskyn het en telkens die bal aan die rol gesit het met een of ander gruwelverhaal wat klokslag gereeld deur die vyandige Kaapse pers oorgeneem en met die troue bystand van die Londense Sendinggenootskap en die sg. Evangeliese Verbond verder tot in Engeland versprei is waar filantropiese organisasies soos die Anti Slavery Society en die Maatschappy ter bescherming der primitieve Inboorlingen in Londen, gretig daarop gewag het om stemming teen die Republiek by die regering daar ter lande te wek.

In die lig van hierdie jarelange volgehoue lasterkampanje was dit begryplik dat in Engeland gelydelik 'n vyandige stemming teen die Transvaal opgebou is en niemand uit daardie rigting hom te woon in Transvaal sou gaan vestig nie. Vir die Boerevolk was dit nie tot groot nadeel nie omdat niemand uit daardie oord geestelike versterking verwag of begeer het nie. Wat egter wel van belang is, is dat hierdie laster stories na die vasteland van Europa versprei het en veral in stamverwante Nederland vooroordeel en afkeur verwek het en sonder twyfel bale persone

afgeskrik het om hulle in die Republiek te kom vestig. Ten spyte daarvan het daar tog van tyd tot tyd mense uit Nederland hulle in Transvaal kom vestig, baie van wie heel verdienstelike werk verrig het en ontwyfelbaar tot die verbreking van die geestelike isolasie van die eenvoudige Boeregemeenskap bygedra het. Sonder nadeel was hulle koms egter ook nie. Te veel van hulle het met 'n oordrewe roepingsbesef tussen die onontwikkelde Boere verskyn en probeer om 'n persoonlike stempel op die landelike gemeenskap af te druk.

Onbekwaam soos die ou Boere was, sou hulle hulle graag laat lei het, maar ongelukkig het die vriende uit Nederland onderling van mekaar verskil, mekaar oor en weer nie 'n groter invloed gegun nie en mekaar uiteindelik as konkurrente gaan beskou. Om hulleself te handhaaf het hierdie mense byna sonder uitsondering, in plaas van positief en sterk op te tree, hulle toevlug tot die veel makliker maar dan ook negatiewe handeling geneem om mekaar te belaster en in die oog van die algemene publiek, verdag voor te stel. 'n Verbete vyandskap was dikwels die gevolg daarvan terwyl elkeen in die reël daarin geslaag het om onder die onontwikkelde en maklik beïnvloedbare Boere, 'n soort aanhang te verwerf. Op die wyse is die private rusies tussen vreemdelinge, heel dikwels in die Boeregemeenskap voortgeplant tot eindelose skade van die so hoog nodige gemeenskapsbou. In plaas van die gemeenskap op te hef, het hulle hom verdeel en in baie gevalle Boer teenoor Boer gestel en derhalwe nie so geredelik as wat anders die geval sou wees, tot die verbreking van die geestelike isolement bygedra nie.

Sonder om langer by hierdie onderwerp stil te staan, kan hier samevattend beklemtoon word dat opvoeding en onderwys gedurende die vestingingsjare van 'n blanke gemeenskap ten noorde van die Vaalrivier baie te wense oorgelaat het en dat die omstandighede van so'n aard was dat verbetering slegs baie langsaam ingetree het. Een belangrike vraag bly nog oor en dit is om te bepaal waaraan hierdie agterlike toestand op die gebied van onderwys en opvoeding, ja selfs die godsdiens—die hele geestelike bestaan dus—toegeskryf moet word.

Soek ons na 'n verklaring vir hierdie toedrag van sake, is die intieme verband tussen die mense se geestelike en ekonomiese bestaan opvallend. Smellekamp het die verhouding reg begryp toe hy die noodsaaklikheid van 'n gereelde handelsverbinding met Nederland „waardoor alleen onze verarmde Emigranten weder tot een welgesteld staat kunnen geraken en Godsdienst zeden en beschaving zich onder hun te doen vestigen.", beklemtoon het. Die Volksraad skryf hulle „beklagenswaardige staat" ten opsigte van die openbare godsdiens en algemene swak ontwikkeling toe aan armoede en die gebrek aan handelsgeleenthede. By 'n ander geleentheid word byna pateties die nou verband tussen die geestelike en materiële deur die onkundige landsvaders aangedui waar hulle skryf „dat wy verregaande bedrogen, reeds drie jaren zonder eenig bestaan van handel, ontbloot van den openbaren Godsdienst onze kinderen ongedoopt, onze jongelingen en jonge dochters niet ingelyft als (leden)

van Gods kerk, dus in eene allerbeklagenswaardige staat latende."

Die lang afstande, gebrek aan posverbinding en aan 'n drukpers word deur De Zuid-Afrikaan verantwoordelik gehou vir die mis van onkunde wat die land bedek het. Op 'n ander geleentheid word „het dungezaaide der bevolking" as die belemmerende faktor aangedui terwyl die sestienjarige swerwersbestaan van die mense in 'n simpatieke geskrif, as een van die faktore genoem word.

In die voorgaande paar aanhalings wat byna onbeperk aangevul kan word uit geskrifte van die dae, kan meer as genoeg bewys gevind word om die opvatting dat die Transvaalse Boere 'n kommerlose bestaan gevoer het, te loënstraf. Inderdaad het die ou pioniers dit moeilik gevind om siel en liggaam aan mekaar te hou en het daar in baie gevalle werklik broodsgebrek bestaan. Gedurende die 40-er en begin 50-er jare is uit elke deel van die land berigte afkomstig wat dui op die volslae armoede waaronder die emigrante verkeer het. Selfs teen die end van die 50-er jare word die armoede van die blankes baie treffend geïllustreer deur 'n versoek van 'n handelaar uit die Kaapkolonie om met Oemswaas te gaan handel dryf omdat hy van „zyn handel met de blanke inwoners niet kan bestaan".

As ons sou probeer om die oorsake vir die armoede vas te stel, sal ons moet teruggaan in die geskiedenis en by die Groot Trek moet aanknoop. In so 'n geval sal ons tot die gevolgtrekking kom dat die Trekkers aan die begin van die uittog betreklik welvarend was maar dat die eerste mate van verarming reeds op die trekpad ingetree het. Die latere Vrystaatse president J. N. Boshof, het teen die helfte van Julie 1838 die veebesit van ongeveer 640 gesinshoofde op 300,000 skape en 40,000 beeste gestel maar in dieselfde opgawe ook melding gemaak van die swaar eise wat die behoeftes van „de armen" begin stel het. Verskillende ander tydgenote skryf ook oor die armoedige omstandighede waarin baie van die Trekkers verval het. Hoewel die meeste skrywers die oorsaak vir die armoede in die rooftogte van Silkaats en Dingaan soek, beklemtoon ander heeltemal tereg dat die worsteljare in Natal die mense in 'n voortdurende spanning en onsekerheid gehou het sodat hulle nie kon plant of saai nie en gevolglik die kapitaal wat hulle uit die Kolonie saamgebring het, moes verteer. Sonder twyfel moet die vernaamste oorsaak van verarming in die onrus en onbestendigheid van die lewe gesoek word.

En oorkant die Vaalrivier was die lewe oor die algemeen orals onrustig en onbestendig maar dan tog veral op die grensgebiede waar daar haas voortdurend moeilikheid van een of ander aard met 'n inboorlingstam ondervind is. Dit wil dan ook voorkom asof die toestande veral hier besonder drukkend was en dit moeilik gegaan het om altyd kop bo water te hou. So vind ons dat grensbewoners dikwels by die Volksraad gekla het dat dit vir hulle as 'n gevolg van heersende toestande, onmoontlik was om hulle grond te bewoon. In een geval het 'n groot groep burgers wat „over een jaar lang al moesten kropeeren van el-

lende", hulle nood by die regering bekla dat hulle in die voorafgaande jaar „niet een ryksdaalder versamel zoodat ons vanmielje groote gebrek lyden". Dit is baie duidelik dat die onveiligheid in die randgebiede veroorsaak het dat die mense 'n onrustige swerwersbestaan gevoer het.

Naas ander faktore soos veesiektes en veeroof, gebrekkige markte en lang afstande na markte wat alles 'n bydraende faktor was tot die armoede waarin die oudste intrekkers verval het, moet die onrus waaronder die mense geleef het en wat hulle verhinder het om 'n gevestigde bestaan te voer as die belangrikste oorsaak van die swak ekonomiese toestande beskou word. So het talryke korrespondente uit die dae die saak aangevoel, so het die Volksraad die probleem ingesien toe hulle in 1851 aan 'n vriend in Holland geskryf get: „Zulke zal UEd. geensinds kunnen verwonderen wanneer UEd. bedenkt of U een denkbeeld kunt vormen wat het is om 14–16 jaren zonder bestaan of geregelden Handel in een woest land omtezwerven? Wat het is om woesten grond te ontginnen en dezelven weder op anderen plaatzen hetzelfden werk te beginnen."

Inderdaad was die isolasie van die Oor-vaalse Boere so omvattend dat die wurggreep wat daardeur op indiwidue uitgeoefen is, uiters onaangenaam moes gewees het. Helaas het al die toestande met betrekking tot hulle ekonomiese en geestelike voortbestaan veel wyer uitgekring as net 'n aantal indiwidue en die voortbestaan van die georganiseerde gemeenskap as 'n bestuursorganisasie tot in sy kern geraak. Die probleme wat van owerheidsweë ondervind is met koppige en onwillige onderdane, onderdane wat in die waan van eie grootheid die owerheid openlik uitgetart het, geweier het om belasting te betaal ook wanneer hulle daartoe in staat was, was senutergend en ontmoedigend. Amptenare het met dreigemente van die minste uit die gemeenskap te doen gekry wat onder die valse indruk van eie grootheid links en regs wou beveel maar terselfdertyd ondervind dat daar geen geld was waarmee hulle karige loon betaal kon word nie. Heel dikwels het van hulle in wanhoop alles gelos en daarmee die probleme van die klein groepie roepingsbewuste leiers nog verder verhoog. Maar probleme van hierdie aard bring ons op 'n ander terrein net soos die ligkant van die sombere prentjie eintlik nie in hierdie kort oorsig 'n plek kan vind nie.

Want al was die probleme en moeilikhede oorweldigend en byna bomenslik, was die toewyding en volharding van 'n klein kern uit hierdie bykans verwilderde gemeenskap ewe onuitroeibaar en het hulle vasberade bly stry, byna instinktief voortbeweeg, die een struikelblok na die ander oorwen om uiteindelik teen die einde van die 50-er jare van die vorige eeu, 'n by pioniersomstandighede aangepaste gemeenskaporganisasie en bestuursvorm daar te stel. En as 'n mens bedink wat onder omstandighede per slot van rekening in 'n betreklik kort tydjie bereik is, verander jou simpatie vir hierdie mense in hoogagting en bewondering. Dit egter vorm 'n geheel afsonderlike hoofstuk waaroor die sluier hier nie gelig kan word nie.

A. N. Pelzer.